Ontmoeting 5: Roeping en versoeking

Die les handel oor Jesus se versoeking in die woestyn.

Luk 4:1-13

Hulpmiddels:	Maskeerband 'n Papierkoppie vir elke kind Minstens 2 balle van enige grootte Papier en potlode

WELKOM

Speletjie: Beskerm jou beker

Verskaf 'n lyn in die middel van die area. Deel die groep in twee spanne. Plaas een span aan elke kant van die lyn. Gee aan elke kind 'n papier of polistereenkoppie wat hy enige plek aan sy kant van die lyn kan plaas, nie verder as 6 meter van die middellyn af nie. Elke kind moet nou halfpad tussen sy koppie en die middelyn gaan staan.

Een van die spanne kry die bal vir om die spel te begin. Die persoon wat die bal het, moet die bal na die ander kant toe rol en probeer om 'n koppie om te rol. Die verdedigende span mag probeer om hulle koppies te beskerm. Indien iemand se koppie omgerol word, moet daardie persoon sy/haar koppie neem en op die kant gaan staan en wag. Indien die spel te stadig neem, kan 'n tweede en selfs derde bal deelgemaak word van die spel. Na ongeveer 4 minute kan jy die spel stop en almal weer kans gee om hulle koppies reg te sit vir nog 'n rondte van die speletjie.

WYDING

Stilword ritueel

Liedere:

Lees jou Bybel, bid elke dag (Lofliedjies vir Jesus 2, Snit 12)
Here Jesus ek is klein (Lofliedjies vir Jesus 2, Snit 11)
Ek's so bly ek behoort aan Jesus (Lofliedjies vir Jesus 2 Snit 27)
Romans 16 (Louis Britz)
Ek is veilig (Soekie en die Radikids – Issie Waarheid, Snit:6)
Open the eyes of my heart, Lord (Cedemont Worship for Kids 1, Snit:6)

Temalied

Bid: Ps 136

Uittreksel uit Psalm 136 (Uit: Die Bybel vir Almal)

Leier:	*Julle moet dankie sê vir die Here, want Hy is goed.*
Kinders:	**Ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.**
Leier:	*Net Hý het groot wonderwerke gedoen.*
Kinders:	**Ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.**
Leier:	*Hy het die hemel gemaak, Hy het geweet hoe om dit te doen.*
Kinders:	**Ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het**
Leier:	*Hy het die aarde neergesit op die water.*
Kinders:	**Ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.**
Leier:	*Hy het die groot ligte gemaak.*
Kinders:	**Ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.**
Leier:	*Hy het die son gemaak om oor die dag te regeer.*
Kinders:	**Ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.**
Leier:	*En Hy het die maan en die sterre gemaak om oor die nag te regeer.*
Kinders:	**Ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.**
Leier:	*Julle moet dankie sê vir Hom wat aan ons gedink het toe dit baie sleg gegaan het met ons.*
Kinders:	**Ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.**
Leier:	*Hy het ons gered van ons vyande.*
Kinders:	**Ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.**
Leier:	*Dit is Hy wat kos gee vir alles wat lew.*
Kinders:	**Ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het**
Leier:	*Julle moet dankie sê vir die God van die hemel.*
Kinders:	**Ja, Hy doen altyd wat Hy belowe het.**

WOORD

Luk 4:1-13

Gee vir Jesus en die duiwel elkeen 'n eie stem. Vra die kinders om jou te help kies aan 'n stem wat jy kan gebruik wanneer jy gaan lees. (bv. vir die duiwel: 'n diep stem wat stadig praat of "slangstem" waar jy jou "s" sleep, of 'n sagte, besliste stem.) Lees nou die verhaal stadig en lê klem met die stemme.

Die kinders dink na oor die verhaal

Ek wonder van watter deel van die verhaal het jy die meeste gehou.
Ek wonder watter deel van die verhaal dink jy is die belangrikste.
Ek wonder wie is jy in die verhaal.
Ek wonder of daar 'n gedeelte is waarvan jy niks hou nie.

WERSKAF

1. Ek wonder wat ons kan doen om die Bybel beter te leer ken. Vra die kinders om voorstelle te maak hoe ons die Bybel beter kan leer ken.
2. Leer 'n paar beloftes uit die Bybel, bv. Heb 13:5,6. Laat die kinders die vyf woorde van die vers op hulle vingers leer. Neem die linkerhand en sê op elke vinger 'n woord: "*Ek sal jou nooit verlaat*". Neem nou die regterhand en herhaal vs. 6: "*Die Here is my helper.*" Laat die kinders nou hulle hande vuiste maak en moedig hulle aan om hulle vuiste op hulle harte te sit en hulle eie te maak. Dis 'n belofte wat God aan hulle maak.
3. Laat die kinders hulle hande afteken en skryf die woorde van die verse in die vingers.

Opruim en Seëngroet